

**Woensdag 9 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 44 (1953-  
vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 44:23**

### **Slaap God?**

Die God van die verlede – Hy wat nasies verdryf en sy volk geplant het, wat die oorwinning gegee het deur sy regterhand en arm en aangesig, wat 'n welbehae gehad het in sy volk, en hulle Koning was, het Hy dan verander?

Dis tog Hy wat ons tans verstoot en tot skande maak, wat ons laat wyk voor ons vyand en ons oorgee aan plundering, wat ons maak soos slagvee en ons verstrooi oor die nasies, wat ons verkoop vir 'n appel en 'n ei en ons die smaad maak van ons bure.

En as dit was vanweë my verbondsverbreking en omdat ek Hom verlaat het, sal ek dit kon begryp. As ek agter vreemde gode aangeloop het, sou dit sy regverdige oordeel wees, maar ek bly aan Hom getrou. Waarom dan die ellende? Waarom sien Hy my nie aan nie? Waarom hoor Hy nie my geroep nie?

Dikwels is daar op hierdie geloofsworsteling geen antwoord nie. Lyding dring ons egter om in gebed na God se aangesig te soek. Jy bid sonder woede of bitterheid of verwyd, dat Hy vir jou sal opstaan. Jy weet Hy slaap nie, maar jy smag na sy optrede. Jy werp jouself daarom voor Hom neer met die wete dat daar in jouself geen krag is om op te staan nie.

En dan hoor jy tog die genade: “*Om u ontwil* word ons die hele dag gedood; ons word gereken as slagskape.” Dis lyding saam met Christus, sodat ons saam met Hom verheerlik kan word (Rom. 8:17). Hierdie band wat die Gees tussen Hom en ons smee, waarborg dat niks ons van God se liefde sal kan skei nie.

Dit lyk net asof Hy slaap en sy kinders vergeet. Hy bly die Koning wat vir ons stry, en in Hom is ons meer as oorwinnaars.

*Sing: Psalm 73-1:10, 11, 12*

*Ds. BC Smit (Ben) (Pretoria-Meintjeskop)*